# Laerskool Eligwa

5 Maart 2025

Geagte Ouers / Voogde

**Nuusbrief Nr. 3 van 2025**

Graag bring ek die volgende sake onder u aandag:

**1. AKADEMIE**
Ons wil graag 'n vriendelike beroep op u doen om toe te sien dat u kind se tas korrek gepak is vir elke dag. Daar is te veel kinders wat goed by die huis vergeet en dan moet onnodige oproepe uit die kantoor gemaak word. Dankie vir u samewerking in die verband.

**2. PERSONEELSAKE**
Baie geluk aan Mev. Lin-Mari Wiese (nee Gouws) wat in die huwelik getree het. Mag Sy genade julle ongelooflik seën.

**3. VALENTYNSDAG**
Baie dankie vir u ondersteuning ten opsigte van Valentynsdag. Die leerlinge het dit vreeslik geniet.

**4. BUITEMUURSE AKTIWITEITE:**
Baie geluk aan die volgende atlete wat in die D8-span opgeneem is : Ewan Strydom, Kavian Gorrie, Janco du Plessis, Melinda Strydom, Nathan Jonker, De Wet Labuschagne en Anthony Windt. Hulle gaan ons verteenwoordig by die Gautengkampioenskappe op 14 en 15 Maart 2025. Baie sterkte en hou ons naam hoog.
Ons is nou volstoom besig met rugby, netbal en skaak. Leerlinge moet asseblief betyds opdaag vir oefening en nie net sommer wegbly nie.

**5. RUGBY AANDREEKSE**
Die volgende aandreekse word aangebied:
O/11 aandreeks by Laerskool Eligwa op 12 en 13 Maart 2025.
O/10 en 1ste span by Laerskool Midvaal 18 en 20 Maart 2025.
O/11 en 1ste span - NWU - 7 en 14 Maart 2025.
Baie sterkte aan ons seuns en afrigters.

**6. NETBAL AANDREEKSE**
Die volgende aandreekse word aangebied:
Alle senior spanne - Emfulenipark - 18 Maart 2025.
Alle senior spanne – NWU – 7 en 14 Maart 2025.

**7. KARNAVAL**

U het reeds al die inligting ontvang rakende ons karnaval. Baie dankie byvoorbaat vir u positiewe gesindheid en ondersteuning. Kaartjies in ‘n boekieformaat is reeds beskikbaar in die kantoor om ‘n bottelnek op die betrokke dag te voorkom (boekie vir R100–maatjies, boeties en sussies kan deel). Leerlinge kan reeds vanaf 1 Maart 2025 begin betaal vir die ***Fun Jumping Castles Inflatables*** bandjies (R90). Maak dus in u begroting daarvoor voorsiening. Die kaartjies en Bandjies vir die ***Fun Jumping Castles Inflatables*** sal op die oggend van die karnaval aan die leerlinge uitgedeel word. Die sluitingsdatums vir die inbetalings van die borgvorms is Woensdag, 7 Mei 2025.

**8. KOEKVERKOPING**

Die Graad R, RR en Graad 7-leerders hou koekverkoping op Vrydag, 7 Maart 2025. Baie dankie byvoorbaat vir u ondersteuning in die verband.

**9. MINISPORTDAG**

Ons minisportdag vind plaas op Woensdag, 26 Maart 2025. Die skool sluit dan 12:00 vir Gr. RR tot 3 leerlinge en 12:15 vir Gr. 4 tot 7 leerlinge.

**10. TOERE**

Sterkte aan ons 0/11 en 1ste - netbalspanne wat gaan toer vanaf 19 Maart 2025 tot 21 Maart 2025 by Sun City. Ons glo julle gaan sommer baie leer en dit baie geniet.

**11. BEHEERLIGGAAMSVERKIESING**

Die vergadering vir die nominasie van kandidate vir die verkiesing van 3 ouerlede vind plaas op 17 April 2025 om 17:00 in die skoolsaal. U het reeds die inligtingsbrief rakende die verkiesing ontvang.

**12.VRYHEIDSDAG**

Neem asseblief kennis dat Vrydag, 21 Maart Vryheidsdag is. Daar is dus geen skool nie.

**13. JEUGLAND OUETEHUIS**

Ons wil graag ‘n vriendelike versoek aan ons ouers rig om nie in die oggende of in die middae voor die agterste ingang van Jeugland ouetehuis te parkeer nie. Dit is hulle dienslaan en moet ten alle tye toeganklik wees. Dankie vir u begrip wat dit aanbetref

Eligwa groete

____________________________________

**BD BOSHOFF**
**HOOF**